Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 14 Mar 2018
Page: 6

AVE: 17438.66
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Tuks-stoeier wen goud in Nigerië

Edrich Nortjé, 'n matrikulant aan die Hoërskool Oos-Moot, het onlangs 'n goue medalje verower tydens die Afrika Kontinentale Junior-kampioenskap wat in Nigerië plaasgevind het. Foto: REG CALDECOTT

Wilhelm de Swardt

Om goue medaljes op belangrike toernooie los te stoei, is skynbaar Edrich Nortjé se stokperdjie.

Dié matrikulant van die Hoërskool Oos-Moot het op die onlangse Afrika Kontinentale Junior-kampioenskap in Port Harcourt, Nigerië, 'n goue medalje verower. Dit is die tweede keer dat hy dit vermag. Verlede jaar in Marokko het hy 'n goue medalje in die Kadet-afdeling gewen.

Die Tuks-stoeier laat homself ook in plaaslike toernooie geld. Die afgelope naweek het hy sy versameling goue medaljes vir die soveelste keer laat vermeerder toe hy op die Gauteng-Noord Presidents-toernooi in sy gewigsafdeling geseëvier het.

Nortjé maak geen geheim daarvan dat daardie "goue oomblik" in Nigerië die hoofrede is waarom hy so passievol oor stoei is nie. Dit is beslis een van die medaljes waarvoor hy die hardste moes werk, maar dan sou hy dit nie anders wou gehad het nie. Daar is niks soos 'n terugslag en adrenalien om die beste in hom na vore te bring nie.

Op die Afrika-byeenkoms was sy eerste geveg teen Kouceila Anis Sadouki. Dié Algeriër het Nortjé 'n behoorlike stoeiles gegee en het 10-2 gewen. Hy erken dit was een van sy minder goeie oomblikke op die mat.

"Ek het agterna geweet ek is in die moeilikheid en dat ek my 'agterent sal moet afstoei' in die volgende geveg as ek vir die eindronde wil kwalifiseer."

Sofiane El Khamer (Marokko) het dinge vir die Suid-Afrikaner vergemaklik toe hy die Algeriër klop. 'n Vasbeslote Nortjé het behoorlik met El Khamer se gal gewerk.

"Ek het hom so hard gegooi dat hy vir mediese hulp gevra het en toe besluit het hy is nie meer lus vir stoei nie. In die halfeindronde het ek teen Mohamed Abdelwahab Abouelmagd Salam van Egipte te staan gekom. Dit was 'n redelik maklike geveg. Ek was met 20-9 baas. Die sege het beteken dat ek en die Algeriër mekaar weer in die eindronde moes pak.

"Die geveg het nie vir my goed begin nie. My teenstander het vinnig vier punte aangeteken. Die oomblik toe dit gebeur, het ek vir myself gesê dit is dit. Hy gaan my nie weer uitoorlê nie. Ek het die telling gelyk gemaak en hom toe vir die wen gegooi. Die hele geveg het minder as 'n minuut geduur."

Nortjé is vir eers klaar gestoei in internasionale toernooie.

"Die Wêreld Junior-byeenkoms is dieselfde tyd as ons rekordeksamen en vir nou is dit belangriker dat ek matriek agter die rug kry voordat ek weer ernstig stoei. Ek gaan steeds plaaslik deelneem. Aanstaande maand se SA byeenkoms is 'n groot doelwit," sê hy.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.